Every child is a National Asset

# 2023 Voorgeskrewe letterkunde
# Graad 12

## Gedig 5: Die dans van die reën – Eugène N Marais

***Verskuns* vir Eerste Addisionele Taal,**

**bladsy 63-65**

KONSEP



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead

# Gedig 5. Die dans van die reën – Eugène N Marais

1. Digvorm
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 5

# 1. Digvorm

Die gedig is ŉ vrye vers.

Die gedig bestaan uit 3 strofes en 24 reëls.

Daar is nie ewe veel reëls in elke strofe nie.

Geen vaste rympatroon nie.

Die hele gedig is ŉ dans voor die koms van die reën. Die reën word deur personifikasie as ŉ vrou voorgestel. Die subtitel gee vir ons die agtergrond vanwaar die gedig afspeel. Die natuurdinge word spelers in die verbale oorlewing van geslag tot geslag van hoe dit in die woestyn lyk en hoe dit ervaar word as die reën kom.

# 2. Analise



Die titel: Eers is daar tekens dat dit gaan reën. Die grootvolk en kleinvolk reageer daarop. Dan begin dit sag reën en later reën dit hard. Daar is dus progressie in die gedig. Die gebeure ontwikkel.

**Die dans van die reën - Eugène N Marais**

***Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn***

Die subtitel: Die gedig is ŉ "lied" van blydskap oor die koms van die reën.
Subtitel verwys na die plek waar die reën uitsak.

1. **O** die **dans** van ons **Suster!**
2. Eers oor die bergtop loer sy skelm,
3.     en haar oge is skaam;
4.         en sy lag saggies.

r. 1: "O" word in die lied gebruik as uitroep van blydskap (dit word herhaal in reël 24)
Die woord "dans" verwys na ŉ heuglike gebeurtenis.
"Suster" word met ŉ hoofletter geskryf. Die reën word deur personifikasie uigebeeld as "ons Suster". "Suster" word as naam aan iemand ná aan ons gegee.
Alliterasie van die s-klank beklemtoon die dans van ons Suster (suisgeluid van die wind).

1. **O** die **dans** van ons **Suster!**
2. **Eers oor die bergtop loer sy skelm,**
3. en haar oge is **skaam;**
4. en sy **lag saggies.**




r. 2: Inversie: woordorde word omgeruil. Gewoonlik sê ons: sy loer eers skelm oor die bergtop. Funksie van die inversie is om die manier waarop sy kyk, te beklemtoon.
Die ses aksies: loer, lag, wink, roep, vertel en nooi (versreël 2 – 9). Die reën se koms word eers as terughoudend/subtiel beskryf. “loer” verwys na die weerlig wat oor ’n afstand begin blits.

r. 3-4: “skaam” wys daarop dat die reën nog nie ten volle uitgesak het nie.
“lag saggies” wys daarop dat die donderweer oor ’n afstand gehoor word.
Tipografie (inkeping) beklemtoon die tekens van die reën wat al hoe nader kom.

5. En van ver af **wink** sy **met die een hand**;
6. haar **armbande blink** en haar **krale skitter**;
7. saggies roep sy.
8. Sy vertel die **winde** van die dans
9. en **sy nooi hulle uit**, want die **werf is wyd** en die **bruilof groot**.

r. 5-6: In reël 5 roep sy almal nader na die groot gebeurtenis van die reën. Die weerlig word voorgestel deur haar armbande en krale (juwele) wat blink en skitter.

r. 7-9: Die winde begin waai.
Sy nooi almal uit, want die gebied waar die feestelike/gelukkige gebeurtenis (die reën) gaan plaasvind is groot.
Alliterasie van die 'w'-klank verwys na die suisgeluid van die wind.





basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Opsomming van Strofe 1

- Daar is tekens van die reën wat naderkom. Die reën wat nader kom word as ŉ dans gesien. Die woord 'O' is ŉ teken van blydskap. Die reën se koms word eers as terughoudend/subtiel beskryf: loer, lag, wink, roep, vertel en nooi.
- Die reën word met ŉ bruilof, wat ŉ jeuglike okkasie/gebeurtenis is, vergelyk. Die diere word uitgenooi na die bruilof.
- Die area/plek waar dit gaan plaasvind, is groot (werf is wyd).



10. Die **grootwild** jaag uit die vlakte,
11. hulle **dam op die bulttop,**
12. wyd rek hulle die **neusgate**
13. en hulle **sluk** die wind;
14. en hulle **buk, om** haar **fyn spore** op die sand **te sien.**
15. Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
16. en hulle kruip nader en sing saggies:
17. "Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

r. 10-14: Die groot wilde diere kom ook nader om die geleentheid te aanskou. Hulle beleef die geleentheid deur die koms van die reën met hul sintuie waar te neem: ruik, voel/proe en kyk.
Hulle reaksie word in die volgende reëls uitgebeeld:
Reël 10 - Hulle kom vinnig van die vlaktes af nader.

Reël 11 - Hulle kom bymekaar op die heuwel se hoogste top.
Reël 12 - Hulle ruik die reën.
Reël 13 - Hulle ervaar (voel) die wind. Die wind waai nou sterk.
Reël 14 - Hulle kyk eerbiedig na die klein/eerste druppels wat op die grond val.



10. Die grootwild jaag uit die vlakte,
11. hulle dam op die bulttop,
12. wyd rek hulle die neusgate
13. en hulle sluk die wind;
14. en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.
15. Die **kleinvolk** diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
16. en hulle **kruip nader** en **sing saggies**:
17. **"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"**


r. 15-17: Die insekte en klein goggas onder die grond is ook bewus van die reën wat nader kom.
In reël 16 beweeg hul eerbiedig nader en sing respekvol. Na die dubbelpunt, volg die ekstatiese/vreugdevolle woorde wat hulle gaan sing.

Reël 17 is die lied wat hulle sing. Die reën word weer as "Ons Suster" aangespreek.
Die herhaling van "Ons Suster!" in reël 17 dui op die blydskap en dat die reën vir hulle soos familie voel/hulle het dit lief/maak hulle gelukkig om dit te sien.
Tipografie beklemtoon die beweging van die diere.

# Opsomming van Strofe 2

- Hier word die diere, wilde diere en insekte, bewus van die reën wat naderkom en gaan neerval. Die diere neem die koms van die reën meestal deur hul reuk- en gehoorsintuie waar.
- Die grootwild hardloop almal na die bulttop. Hulle ruik die reën en voel dat die wind al sterker word. Hulle buk af en sien die eerste reëndruppels op die grond.
- Die klein diertjies, onder die grond, hoor hoe die reën begin val, kruip nader en sing saggies uit respek vir die reën. Hulle beskou die reën as familie en is baie bly om haar te sien.

18. En **haar krale skud**,
19. en haar **koperringe blink in die wegraak van die son.**
20. Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier**;**
21. **sy trap af van die hoogte;**
22. sy **sprei** die **vaal karos** met altwee arms uit;
23. die **asem van die wind raak weg.**
24. O, die dans van ons Suster!




r. 18-20: Dit reën harder.
Reël 18 vertel dat die donderweer harder word.
In reël 19 word die koperringe (juwele) met weerlig vergelyk. Die son raak weg/ verdwyn.
Die verdwynende son word voorgestel as die rooi-geel vere van die bergarend.

r. 21-24: In hierdie versreëls sien ons hoe die reën nader kom.
In reël 22 word die reën as ʼn vaal/gryskombers gesien wat oopgegooi word oor ʼn groot gebied.
In reël 23 hou die wind op met waai en die reën sak nog harder uit.

r. 24: Die “O” dui op die blydskap, soos in reël 1.
Die herhaling van reël 1 in reël 24 bind die gedig tot ʼn eenheid.

# Opsomming van Strofe 3

- Hier sak die reën behoorlik uit. Daar is donderweer, weerlig en die son raak weg. Die reën kom van ver af nader in die vorm van ŉ vaal kombers wat gesprei word.
- Die wind is ook nou stil. Ons hoor weer die lied.
- Versreël 24 is ŉ herhaling van versreël 1, en so word die gedig tot ŉ eenheid gebind.

# Opsomming

- Die hele gedig kan gesien word as **personifikasie** van die reën. Die reën word as Suster uitgebeeld. Suster word met ŉ hoofletter geskryf, omdat dit die naam is wat vir die reën gegee word.
- **Subtitel**: die reën sak uit oor die Groot Woestyn. Dit dek ŉ groot gebied of area.

# 3. Tema en boodskap

Die **tema** van die gedig is blydskap oor die reën.

Die **boodskap** is mens en dier in droë gebiede is baie bly om die langverwagte reën te sien.

# 4. Beeldspraak en stylfigure

Titel: Deur personifikasie word die reën regdeur die gedig as ŉ vrou voorgestel .

**Die dans van die reën - Eugène N Marais**

***Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn***

1. **O die dans van ons Suster!**
2. Eers oor die bergtop loer sy skelm,
3. en haar oge is skaam;
4. en sy lag saggies.

r. 1: **Metafoor**: die reën is "ons Suster". Daarom word dit met ŉ hoofletter geskryf.
**Personifikasie**: die menslike eienskap van dans word aan die reën gegee.

5. En van ver af wink sy met die een hand;
6. haar armbande blink en haar krale skitter;
7. **saggies roep sy**.
8. **Sy vertel die winde van die dans**
9. en **sy nooi hulle uit**, want die werf is wyd en die bruilof groot.

r. 7-9: **Personifikasie**: die wind wat waai klink vir die spreker soos ŉ mens wat saggies roep, die nuus oordra en hulle uitnooi.

18. En haar **krale skud,**
19. en haar **koperringe blink in** die wegraak van **die son**.
20. Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
21. sy trap af van die hoogte;
22. sy sprei die vaalkaros met altwee arms uit;
23. **die asem van die wind raak weg**.
24. O, die dans van ons Suster!

r. 18: **Metafoor:** Die donderweer word aan "krale" gelykgestel. Klanknabootsing: die donderweer klink soos krale wat "skud".

r. 19: **Metafoor:** die weerlig word metafories vergelyk met kopperringe wat blink in die son.

r. 23: **Personifikasie**: Die wind wat ophou waai, is vir die spreker soos asem wat wegraak.

basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# 5. Toon en stemming

**Toon**: Die leser ervaar ’n gevoel van dankbaarheid en blydskap.

**Stemming**: Die stemming is aanvanklik rustig, maar namate die gedig vorder ervaar die leser die opgewondenheid oor die reën wat naderkom.

# Aktiwiteit 5

Voltooi aktiwiteit 5 in die Studiegids: *Verskuns* vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks.

Lees die gedig weer deur en beantwoord dan die vrae:

5.1 Verwys na die subtitel.

5.1.1 Waar gaan dit reën? (1)

5.1.2 Waarom, dink jy, is daar soveel blydskap oor die reën in hierdie gebied? (1)

5.2 Watter naam word aan die reën gegee? (1)

5.3 Kies die korrekte antwoord.

Die herhaling van die “w”-klank in reël 9 is ŉ voorbeeld van …

A personifikasie.

B alliterasie.

C metafoor.

D inversie.

(1)

basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Aktiwiteit 5

| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | Wat is die doel van die omgekeerde woordorde in reël 2? | (1) |
| 5.5 | Waar skuil die kleinvolk teen die hitte van die woestyn? | (1) |
| 5.6 | Watter woord in die gedig dui op rooi en geel kleure? | (1) |
| 5.7 | Watter is ŉ berggier? | (1) |
| 5.8 | Hoe verwelkom die (5.8.1) grootwild en die (5.8.2) kleinvolk die reën? | (2) |

# Aktiwiteit 5

| | | |
|---|---|---|
| 5.9 | Watter woord in strofe 2 dui aan dat die grootwild in ŉ bondel of trop bymekaar staan? | (1) |
| 5.10 | Wat is die funksie van die herhaling van reël 1 in reël 24? | (1) |
| 5.11 | Watter stemming skep die spreker deur die woord "O" te gebruik? Motiveer. | (2) |
| 5.12 | Benoem die beeldspraak in reël 24. | (1) |
| 5.13 | Verduidelik die progressie in die gedig. | (2) |
| | | **[17]** |

| PRENT | VRAAGNOMMER | Prent webadres |
|---|---|---|
|  | Gedig 5. Die dans van die reën. | https://media.istockphoto.com/photos/powerful-heavy-rainfall-location-carpathian-national-park-ukraine-picture-id1192061925?k=20&m=1192061925&s=612x612&w=0&h=Hx89CxUSRjA3OsIR9RyYi2-jz_ivpRHkml7r4Y98Ljs= |
|  | Gedig 5. Die dans van die reën. | https://us.123rf.com/450wm/photosvit/photosvit2208/photosvit220801185/189936510-dark-figure-silhouette-of-dancing-woman-outdoor-inspiration.jpg?ver=6 |
|  | Gedig 5. Die dans van die reën. | https://thumbs.dreamstime.com/z/indian-bride-her-wedding-dress-showing-bangles-20007734.jpg |
|  | Gedig 5. Die dans van die reën. | https://www.vaisala.com/sites/default/files/styles/16_9_liftup_extra_large/public/images/LINK_Lightning_Interactive_Map.jpg?itok=TphonkW6 |
|  | Gedig 5. Die dans van die reën. | https://images.pexels.com/photos/1085542/pexels-photo-1085542.jpeg?auto=compress&cs=tinysrgb&dpr=1&w=500 |
|  | Gedig 5. Die dans van die reën. | https://image.shutterstock.com/image-vector/image-cute-cartoon-cloud-blowing-260nw-1919775500.jpg |
|  | Gedig 5. Die dans van die reën. | https://i.guim.co.uk/img/media/2324ff7c4cab7fcf51c40ceef28c018ded598d83/898_229_4756_2854/master/4756.jpg?width=480&quality=85&dpr=1&s=none |

Dankie.

www.education.gov.za

Facebook: DBE SA
Twitter: @DBE_SA

Callcentre@dbe.gov.za
Callcentre: 0800 202 933